# Agri Kuruman

**Posbus 2514**
**Kuruman, 8460**
**Tel. 053 -712 3544**
**Faks 086 651 6862**
Epos: sekretaris@agrikur.co.za


16 Januarie 2013

1. **Opening:** Ds. C Jonck open die vergadering met skriflesing. God weet wat ons wil hê. Die voorsitter bedank die dominee vir die gepaste wyse waarop die vergadering geopen is.
2. **Verwelkoming:** Baie welkom aan almal teenwoordig. Wens almal 'n voorspoedige 2013 toe. Spesiale verwelkoming aan George en Gerty Fourie. Welkom aan die lede van die SAPD en Lesego van UGM.

3. **Presensie:**

3.1. **Teenwoordig**: **Aansluit**: H Beukes, J Beukes; **Goodhope**: G Fourie, G Fourie; **Kuruman Oos**: K vd Berg, E Gers; **Kuruman**: A Gregory , A Freund**; Lehating**: J Kriek, F Erasmus; **Mac Mac**: D Venter**; Severn**: P Grove, D Hoon; **Shellford**: B Fourie; **VZR**: J Schreuder, A Noeth; **Winton**: E Slabbert. **Voorsitter**: JC Theart**; Sekretaris**: J Markram

3.2. **Afwesig met verskoning**: Jan Joubert, J vd Merwe, A Engelbrecht, F. Cloete, N Kruger

4. **Personalia**

4.1. **Lief:** Baie geluk aan George Fourie met die huwelik.

4.2. **Leed: Siekte:** Geen

**Afsterwe**: Flip van Tonder, Hettie Gers, Hannes Poolman. Minuut van stilte word gehou vir naasbestaandes.

5. **Konstituering**

Die vergadering behoorlik gekonstitueer met net Grootfontein BV afwesig.

6. **Vasstelling van Agenda**

Die agenda word aanvaar met bykomende punte 11.2.7; 21.1; 21.2.

7. **Notule van vorige vergadering**

Notule van vorige vergadering word aanvaar as ware vergawe deur Anton Gregory en Deon Hoon.

8. **Sake voortspruitend uit notule**

**8.1 BBV Lyste**

Lyste is nog uitstaande, die sperdatum vir inhandiging is met April Agri Kuruman vergadering

.

**8.2 Tom Brown en ander plase BBV lidmaatskap**

Hantie rapporteer dat boere van die Tom Brown - plase gaan aansluit by Aansluit BBV en dat hulle vyf vuurvegters ontvang het van Dept. Landelike ontwikkeling en grondhervorming. Die boere gaan self die ledegeld betaal en nie die departement nie. Die voorsitter rapporteer dat daar 'n aansoek ingedien is by Joe Morolong munisipaliteit vir vuurvegters vir die betrokke boere.

9. **Lede/Finansies**

9.1. Ledegeld oorbetaal – Agri Kuruman en Agri NK

Agri Kuruman se geld is ten volle opbetaal by Agri NK. Verskeie Boereverenigings het nog nie hul ledegeld oorbetaal aan Agri Kuruman nie. Uitstaande ledegeld beloop R114 000. Effektief beteken dit dat ander lede die uitstaande ledegeld gesubsidieer het. Sperdatum 25 Januarie . Agri NK wil in die toekoms hul gelde teen Julie maand ontvang. BV- Bestuur

moet teen April bevestig dat bestaande lede nog lid wil bly en dat ŉ nuwe lid eers betaal voor op die lys geplaas word. Om ledegeld vooruit te ontvang is ŉ voorstel ingedien dat Bv 's ŉ verhoging van 20% by 2012 ledegeld voeg. Indien daar ŉ oorverhaling sou wees dit in die volgende jaar reggestel word. **Besluit**. *Die saak sal verder ondersoek word.*

9.2. Finansies
Die finansies van Agri Kuruman lyk goed. ŉ Finansiële verslag sal opgestel word om aan te dui hoeveel gelde ontvang en uitbetaal is vir die brande.

9.3. Finansiële verslag brande
Verskeie donasies is ontvang. Al die voere se aankoop en vervoer deur Agri Kuruman aangegaan kon betaal word. Daar is genoeg oor om die kantoor se addisionele koste a.g.v. brande asook die arbeiders wat trokke af en oplaai se lone te betaal asook die brandstof vir die vurkhysers. Die res van die vragte en voere is vir die rekening van Dept. Landbou. Agri

**10. Arbeidsake** – Ernest Gers & Jood Cloete

10.1. Gesondheidsverteenwoordiger- Kathu Kliniek
Lesogo van UGM Wellness Clinic in Kathu lig die vergadering in oor die dienste wat hulle lewer in Kathu. Die kliniek is in 2007 begin vir die kontrak werkers en die gemeenskap waarby die boerdry gemeenskap ingesluit is. Hulle werk met vigs gevalle. Werkers wat HIV positief toets kan gratis voorsien word van medikasie om te verhoed dat hul status oorgaan na "aids". Dit kan verhoed dat werkers verlore raak vir ŉ boerdery. Werkers is gewoonlik onseker waarheen om te gaan en wie om te nader nie. Werkers is nie goed ingelig oor Vigs nie. Toetse vir vigs word ook gedoen. Toetse word vrywillig gedoen. Berader is ook beskikbaar. Daar is mense beskikbaar vir konsultasie vir mense met vigs. Medikasie is verniet. Mense wil gewoonlik nie hulle status weet nie. Lesego wil graag ŉ maand kennis hê om sy besoeke te beplan. Planne kan gemaak word om plase te besoek. Sal nie plase besoek sonder afspraak. Konsultasie sal Lesogo alleen kom, moet toetsing sal daar verpleegster teenwoordig wees. Toets uitslae is binne 15 minute beskikbaar.
***Besluit***.*BV's moet ŉ behoefte bepaling doen, die vorms invul en terugstuur na Agri Kuruman.*

10.2. **Agri NK Voorlegging vir sektorale vasstelling**
Stakings het weer begin in die WesKaap. Geweldige intimidasie onder werkers. Minimum loon word deur Dept. Arbeid vasgestel na ŉ konsultasieproses met verskeie rolspeler. Dus kan 'groep boere nie namens die res van die land onderhandel oor minimum loon nie. Sektorale vassteling 13 waar minimum loon alreeds vir 2013 vasgestel is, is deur die Minister van Arbeid teruggetrek. Verskeie openbare verhore is oor die land gehou. Agri NK het namens sy lede sy insette by die openbare verhoor te Keimoes ingedien. Die voorsitter van Agri SA, Johannes Möller was ook teenwoordig. Al die media verklarings en ander dokumentasie is aan BV 's gestuur.

10.3. **Stakings**
Dit is nie uitgesluit dat stakings na die res van die land kan uitbrei nie. Die verwagting is egter dat dit sal uitbrei na boerderye met groot getalle werknemers. **Kennisname.** *Dokumentasie oor die regte van stakers en werkgewers is beskikbaar by BV- besture. Dit sal ook op Agri Kuruman webblad geplaas word. Die dokument moet ook aan die streeksbestuurder gestuur word.*

10.4. **Hantering van ongeregmatige besettings-**
**Kennisname**. *Dokumentasie is by Bv-besture beskikbaar. Sal ook op Agri Kuruman webblad verskyn. Moet ook aan die streeksbestuurder gestuur word.*

10.5. **Volmag vorms bv buurman en prokureur** .
Dit is belangrik dat ŉ buurman of ander verteenwoordiger van die lid se boerdery in besit is van ŉ volmag vorm. Dit gee die persoon toestemming om in jou afwesigheid namens jou op te tree. Die prokureur het volmag om ŉ uitsettings bevel te kry in jou afwesigheid. **Besluit** .*Volmag vorms word saam met notule uitgestuur. BV kan self vermeerder.*

**11. Veiligheid** – Jurie Kriek, Frans Cloete, George Fourie

11.1. Veediefstal

**11.1.1 Aflê van verklaring**

Punte van belang. Skrywe is ontvang, sal aanheg aan die notule.

**11.1.2 Onopgeloste Sake**

Jurie Kriek meld dat hy onopgeloste sake het van 2007. Verdagtes word uitgewys, maar geen arrestasie word gedoen nie. Tot op datum niemand nog nie aangekeer nie. Alle vorige sake is hanteer deur Severn. Die nuwe sake is deur VanZylsrus hanteer.
Kapt. Burger het brief geskryf aan die hoof van veediefstal om misnoeë uit te spreek oor die hantering van sake**. Besluit**. *Brig. versoek dat alle uitstaande sake se nommers via die kantoor aan hom voorsien word.*

11.1.3 Korrespondensie

11.1.3.1 **Sake van belang Tydens die NK veediefstal en landelike Veiligheid**. Die brandmerk van vee word beklemtoon aangesien sake uitgegooi word a.g.v. gebrek aan identifikasie. Korrespondensie gestuur aan Bv 's.

**11.1.4 GPF notules**

Notule vanaf bv 's moet aangestuur word kantoor toe en die sekretaris moet dit aanstuur na die " streeksbestuurder" en na die provinsie.

11.1.5 **Toegangsborde** - geel R342 en wit R239.40

Borde eers betaal en dan sal hulle gemaak word. Wag nog vir die finale syfers en bewys van betaling van BV 's.

11.2 Cluster se terugvoer

**11.2.1 Plaasbesoeke en plaasbesoek register**

Alle stasiekommissaris is ingelig oor die register wat ingevul moet word. Die grondeienaar of verteenwoordiger moet register teken tydens besoek. Brig. soek net 'n verklaring indien dit nie gedoen is nie. Kuruman omgewing het besoeke gehad. Severn glad nie, net sigbare polisiëring. VZR weet nie of daar was nie. Daar is 'n probleem in Severn omgewing. Die vergadering vra dat ons graag meer sigbare polisiëring wil sien. Plaasbesoek Registers sal weer in plek gebring word.

**11.2.2 Grootdrink saak**

Severn Stasie het terugvoering gegee dat die saak by die openbare vervolger lê.

**11.2.3 Severn – Brandstof**

Generaal Riet gee aandag aan die situasie. Daar is verskeie stasies wat sukkel met die probleem. Voertuie op Severn is ook 'n probleem. Die probleem is by die bestuur van die stasie. Ons kry nie oplossing vir ons probleme op grondvlak nie, so dit moet hoër gevat word.

**11.2.4 Severn Radiokommunikasie**

Radio tegniese dienste vanaf die SAPD is besig met die probleem om beter "repeater" op te sit. Persone aan diens sit die marnet radio af. Brig. is bewus van die probleme by Severn stasie en sal daaraan aandag skenk.

**11.2.5 Landelike Veiligheidsplan**

In November 'n vergadering by Nasionaal gehou. Is nog 'n voorlopige plan en daar kan nog insette gemaak word.

**11.2.6 Staande order om swak diens aan te meld**

Staande order 101is 'n amptelike dokument waarop klagte ingedien kan word. Kapt. Burger maak die voorstel dat alle klagtes op skrif geplaas word( anoniem indien verkies) Kol Schreuder is die persoon wat die klagtes hanteer.

**11.2.7 Gedrag van Klaers**

Die gedrag van klaers is nie aanvaarbaar nie. Hanteer asb. die mense met respek. Behandel ander soos jy behandel wil word.

12 **Infrastruktuur**

12.1 Pad 887/VZR – Askam Pad/ Winton/ Shellford

Skraapskedule sien soos volg daarna uit. Pad 887, Blackrock/Doorndraai twee weekliks. Res van 887, rivierpad, Askham en Dibeng maandeliks. Tswalu ses weekliks. Ondergeskikte paaie het 'n drie maande siklus indien daar skriftelik aansoek gedoen word. **Besluit.** 'n *Persoon op die ondergeskikte pad moet die verantwoordelikheid neem om drie maandeliks*

*so ŉ aansoek in te dien. Elke roete moet verantwoordelike persoon aangewys word wat datums aanteken wanneer paaie geskraap word en dit aan Deon deurgee sodat hy kan kontroleer of daar by skedule gehou word.* Frans hulle doen dit op Vanzylsrus pad. Probleem met VZR se skraper, skraper beskadig die pad. Probleem is al met Frikkie opgeneem. Opsporings sisteem word nou in skrapers geïnstalleer. Shellford pad is goedgekeur vir teer, weet nie wanneer dit gedoen gaan word nie. Daar is ook genoeg fondse beskikbaar om pad te skraap.
Daar is ŉ span wat drade herstel langs die paaie.

12.2 Padreserwe Shellford- Skrywe 19/10/12
Jan het ŉ skrywe ingedien, maar tot op datum gee terugvoering ontvang nie. Moet opvolg.

12.3 Kommunikasie: (Telkom, Vodacom, MTN, ander) – Deon Hoon
3G ontvangs sal waarskynlik voor einde Mei by Skimmelkop toring beskikbaar wees. Nuwe Vodacom satelliet kommunikasie is beskikbaar. Lede moet let dat verskeie ander instansies ook soortgelyke stelsel bemark. Vodacom het nuwe stelsel installeer in Reivilo gebied. Telkom het ook satelliet stelsel nl. Spacestream.

**Eskom-** Kosie vd Berg

**12.3.1 Verhogings vergadering**
2014/2018 se aansoek van 16% verhoging per jaar is by NERSA ingedien. Lede word aangeraai om te kyk na alternatiewe bronne.

13 **RPO en Vleis sake –** Jan Joubert, Schalk van Heerden
Geen rapportering

14 **Hulpbronbewaring**

14.1 Brande – Anton Freund, Andre Engelbrecht, Hantie Beukes

**14.1.1 Beskermende klere**
Johan Rossouw het met sy eie besigheid Best Vest begin, wat verskeie beskermende klere produkte verkoop . **Besluit.** *Anton Freund moet reël dat Johan die volgende vergadering die produkte bekendstel,*

**14.1.2 Brandopname vorms vir Dept. Landbou**
Vorms is afgelewer by Agri NK. Doel van die vorms was vir opname doeleindes. Indien goedgekeur word, word daar ŉ volledige opname van elke plaas gedoen.

**14.1.3 Situasie rondom onafgehandelde voer**
R2.7 miljoen is bewillig vir voere. Groot behoefte is bepaal. Totale brand was 250 000ha ( saam met Olifantshoek en Koopmansfontein)

Lusern moet nog afgelewer word. Die voere wat nog afgehaal is moet so gou moontlik geskied. Jackie moet lyste met Frans vergelyk en dan die voere herverdeel. **Besluit.** *Boere wat nie toegekende voer wil hê nie moet dit per brief by sekretaris afteken. Die voer moet dan herverdeel word. Sperdatum vir afhaal van voer is einde Februarie. Na die spertyd maak voer beskikbaar vir ander geaffekteerdes.*

14.1.4 **Droogtes/Risikobestuur -** Jan Theart, Dawid Venter, Pieter Grove, Jan Beukes(Sprinkane)

**14.1.5 Terugvoer oor weidingstoestand in gebied**
In die onmiddellike omgewing van Van Zylsrus is dit baie droog(2012 -78mm tot nou nie meer as 50mm) Res van Vanzylsrus, westelike deel van Aansluit, Lehating, Severn en Winton baie droog, maar kan nog herstel indien voldoende reën val. Res van die gebied redelik. Plek-plek ook droog. Alles hang af van die reënval gedurende die volgende maand. Temperature is die afgelope 2 weke baie hoog. Die gebiede wat gebrande het, het egter ŉ probleem aangesien te min reën nog geval het.

**14.1.6 Risikobestuur samewerkers**
VZR stuur gereeld in. Winton moet ook iemand aanwys.

15 **Omgewingsaangeleenthede** – Anton Gregory en Niekie Kruger

15.1 Omgewingsimpakstudies
15.2 Watergebruikersforum-
15.2.1 Bekendstelling
Die watergebruikers forum word gestig. Bekendmaking is in Maart 2013 gedurende die water week. Net genooide gaste.
15.2.2 Vergadering 25/01/13
Jan en Deon sal die vergadering bywoon.

16 **Grondhervorming- Pieter Grove**
16.1 **Terugvoering Severn Grondeis**
Regspan nog nie begin werk.. Die saak gaan nou hof toe.
16.2 **Grondbesit oudit**
Inligting is deur gestuur na Agri NK.

17 **SEB** – Frans Cloete
Geen terugvoering

18 **Plaaslike Owerhede** – **Jan Theart**
18.1 Joe Morolong – Jan Theart
18.1.1 Rekeninge nog nie ontvang
Sal waarskynlik teen die einde van die maand beskikbaar wees. Ooreenkoms verleng met nog ŉ jaar.
18.2 Ga-Segonyana- Anton Gregory
Geen ooreenkoms kan bereik word indien waardasies nie gedoen is nie**.** **Besluit**. *Die sekretaris moet uitvind wanneer nuwe waardasie gedoen gaan word*

18.3 Gamagara- Andre Engelbrecht
Geen ooreenkoms kan bereik word indien waardasies nie gedoen is nie**.** **Besluit**. *Die sekretaris moet uitvind wanneer nuwe waardasie gedoen gaan word*

**19 Dept. van Landbou Aangeleenthede**
Geen rapportering

**20 Korrespondensie**
20.1 Dieselrabat
Rekord moet bygehou word van alle dieselaankope en verbruik dmv' ŉ logboek. Indien oudit deur SARS gedoen word en die dokumente is nie beskikbaar nie sal dieselrabat nie uitbetaal word en alle voorafgaande eise kan verhaal word deur SARS. **Kennisname.** *Korrespondensie by BV bestuur beskikbaar. Sal ook op webblad geplaas word.*

**21 Boereverenigingsaangeleenthede**
21.1 Grondwater
Dawid Venter rapporteer dat Willie Cornelissen , Donderdag 16:30 by NG kerksaal te Hotazel ŉ dringende watervergadering wil hou oor water in die hele gebied.

21.2 Sleepskraper Shellford
Padskraper is beskikbaar en Kosie vd Berg is in beheer van skraper. Oom Braam vra of die skraper gebruik kan word indien lede reeds brandpaaie gemaak het om dit in stand te hou. Daar is ŉ koste aan verbonde om die skraper te gebruik om instandhouding te doen indien die skraper breek. **Besluit.** *Bv 's moet onder mekaar reëlings tref t. o.v. die gebruik van die skraper.*

21.3 **Kalahari Slagos**
Slagos 2013 pamflette is uitgedeel, die beplande datum is in November. Almal is welkom om die dag by te woon.

**22 Algemeen**

22.1 **Voermol Spesiale aanbod - KLD**

Carl sal pryslys deur stuur na Voorsitters van BV's.

22.2 **Riglyne op wedblad**

Sekretaris moet met Louis Hauman kontak om die volgende riglyn dokumente op die webblad te plaas nl. dokumente i.v.m. prospektering en mynregte( sien vorige notule), grondbesetting, plaasprotokol, hantering van stakings asook dokumente i.v.m. dieselrabat, volmag vorms, SAPD staande order 101.

**23 Bedankings en Afsluiting**

**Alwyn Noeth sluit die vergadering af en Goodhope word bedank vir die verversings.**

| | |
|---|---|
| JC Theart | J Markram |
| Voorsitter | Sekretaris |

/1/13